

HESSEQUA MUNISIPALITEIT



NOTULE

UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING

WOENSDAG 29 JULIE 2026

OM 09:00

LEDE:

Rdl G Riddles – Uitvoerende Burgemeester

Rdl GL Boezak – Uitvoerende Onder Burgemeester

Rdl BD Smith

Rdl HJ Saayman

Rdl B van Noordwyk

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Uitvoerende Onder Burgemeester, Rdl GL Boezak, neem waar as Voorsitter en heet almal teenwoordig welkom by die vergadering en Rdl BD Smith open met gebed.

2. KONSTITUERING / AANSOEKE OM VERLOF

2.1 Teenwoordig

UBK Lede	Amptenare
Rdl GL Boezak	Mnr ASA de Klerk
Rdl BD Smith	Mnr H Visser
Rdl HJ Saayman	Mnr R Manho
Rdl B van Noordwyk	Mnr G Goliath
Raadslede	Mnr D Lewis-Michaels
Geen	Mnr L de Villiers
	Me T Hendricks (Notuleerder)

2.2 Verskoning / Verlof

Rdl G Riddles

MEDEDELING

- Die Uitvoerende Onder Burgemeester, die Munisipale Bestuurder, Mnr ASA de Klerk en Rdl HJ Saayman het hul gelukwensing aan Me Ursula Booyesen-Galant en Mnr Ivan Elbrink uitgespreek vir hul dienste gelewer en oorhandig 'n sertifikaat van erkenning aan hulle vir hul 20- en 30 jaar diens by die munisipaliteit.
- Die Munisipale Bestuurder, Mnr ASA de Klerk kondig aan dat Item 7.7.3 – Confidential – Appointment: Director (Corporate Management) onttrek word.

3. MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE ONDER BURGEMEESTER

- Die Uitvoerende Burgemeester betuig sy innige meegevoel teenoor die familie van 'n amptenaar, Me Sylvia Saayman, wie afgesterf het en versoek 'n minuut van stilte in medelye.

4. VERKLARING VAN BELANGE DEUR RAADSLEDE EN AMPTENARE RAKENDE ITEMS WAT DIEN OP AGENDA

Geen

5. GOEDKEURING VAN NOTULE

- 5.1 Dat die notule van 'n Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering gehou op 24 Junie 2026 goedgekeur word.

Voorstel Rdl BD Smith, sekondant Rdl B van Noordwyk

6. VERSLAE PORTEFEULJE KOMITEES

- 6.1 **Dat die volgende items voortspruitend uit die verslag van 'n Korporatiewe Bestuur Portefeulje Komitee vergadering gehou op 15 Julie 2026 soos volg as besluite van die Raad goedgekeur word.**

Voorstel Rdl BD Smith, sekondant Rdl B van Noordwyk

6.1.5.1 REGSDIENSTE, ADMINISTRASIE EN OPENBARE BETREKKINGE

6.1.5.1.1 MAANDVERSLAG VAN REGSDIENSTE, ADMINISTRASIE EN OPENBARE BETREKKINGE VIR JUNIE 2026

File number / Verwysingsnommer: 9/1/3

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Regsdienste & Administrasie: Me S Sanders

RESOLUTION / BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van Departement Regsdienste, Administrasie en Openbare Betrekkinge vir Junie 2026.

6.1.5.1.2 WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE KODE – VOORNEME OM DIE VERORDENING INSAKE DIE OPENBARE GERIEWE TE HERSIEN

File number / Verwysingsnommer: 6/1/4

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Regsdienste & Administrasie – Mev S Sanders

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee die hersiening van die Verordening insake die Openbare Geriewe ondersteun en aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad.
2. Dat die eerste konsep gewysigde verordening in 'n werkswinkel aan die Raad voorgehou sal word.
3. Dat die konsep gewysigde verordeninge na afloop van die werkswinkel, soos bedoel in aanbeveling nommer 2, gepubliseer word vir die publiek se kommentaar en insette.
4. Dat die Item na die Raad verwys word vir goedkeuring.

6.1.5.1.3 AANSOEK VIR VERLENGDE DRANK HANDELSURE EN -DAE INGEVOLGE DIE HESSEQUA MUNISIPALITEIT SE VERORDENING INSAKE DRANKHANDELSURE: JADE LIQUOR STORES, ERF 6749, KERKSTRAAT 20, RIVERSDAL

File number / Verwysingsnommer: 1/3/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Regsdienste & Administrasie – Mev S Sanders

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee die aansoek van, Jade Liquor Store, Erf 6749, Kerkstraat 20, Riversdal, om verlengde drank handelsure en -dae **goedkeur**, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
 - 1.1 Dat die Munisipaliteit die reg voorbehou om die goedkeuring ter enige tyd terug te trek en nie aanspreeklik sal wees vir enige verliese ervaar deur die handelaar in die verband nie.
 - 1.2 Dat die goedkeuring geldig sal wees vir 'n periode van een jaar, vanaf die datum waarop goedkeuring verleen word, waarna dit outomaties sal verval en die aansoeker opnuut moet aansoek doen.
 - 1.3 Dat die goedkeuringstifikaat, soos uitgereik deur die Munisipaliteit, pertinent op die perseel vertoon moet word.
 - 1.4 Dat die goedgekeurde verlengde handelsdae en -ure as volg is:
Vir 'n tydperk van een (1) jaar vanaf **01 Augustus 2026 tot 31 Julie 2027.**
Maandae – Saterdag: 09h00- 20h00

6.1.5.2 KAMPE EN BEROEPSGESONDHEID & VEILIGHEID

6.1.5.2.1 KWARTAALVERSLAG – DEPARTEMENT KAMPE EN BEROEPSGESONDHEID & VEILIGHEID (APRIL 2026 – JUNIE 2026)

File number / Verwysingsnommer: 7/6/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder Kampe en Beroepsgesondheid en Veiligheid: CJ Onrust

RESOLUTION / BESLUIT

Dat die Komitee kennis neem van die inhoud van die Kampe en Beroepsgesondheid & Veiligheid Kwartaalverslag vanaf 1 April 2026 tot 30 Junie 2026.

6.1.5.2.2 PREEKSTOEL FEES PROGRAM VIR DIE DESEMBER 2026/JANUARIE 2027 VAKANSIE PERIODE EN VERSOEK VIR DONASIE VAN CHALET AS PRYS VIR FONDSINSAMELING PROJEK – PREEKSTOEL KAMPEERDERS VERENIGING

File number / Verwysingsnommer: 7/6/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder Kampe en Beroepsgesondheid en Veiligheid – CJ Onrust

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van die Preekstoel Kamp Komitee se voorgename Fees Program vir Desember 2026/Januarie 2027.
2. Dat die Preekstoel Kamp Komitee 'n volledige "Events Plan" sal opstel en in dien by die munisipaliteit vir die aanbied van die Oujaarsaand partytjie in die amfiteater te Preekstoel.
3. Dat die Komitee die versoek vir die gratis beskikbaarstelling van 'n Chalet te Preekstoel Karavaanpark as prys, ondersteun en aanbeveel vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad.
4. Dat 'n A – Tipe Chalet vir die doel, buite seisoen gedurende die 2026/27 finansiële jaar, (uitgesluit Paasnaweek en Maart skoolvakansie, en wel voor einde 30 Junie 2027) en met vooraf kennisgewing en bespreking deur die wenner, beskikbaar gestel word aan die Preekstoel Kamp Komitee en die kamp reëls van toepassing sal wees.
5. Dat kennis geneem word dat die waarde van die gratis beskikbaarstelling van 'n Chalet aan die Preekstoel Kamp Komitee, R2385.00 sal beloop.
6. Dat die prys/gratis beskikbaarstelling van 'n chalet nie oordraagbaar is nie, en slegs vir die 2026/27 finansiële jaar geldig sal wees.

6.1.5.2.3 VERSOEK VIR LEWERING VAN SKOONMAAKDIENSTE VIR KAMPEERDERS

File number / Verwysingsnommer: 7/6/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder Kampe en Beroepsgesondheid en Veiligheid – CJ Onrust

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag.
2. Dat die inisiatief van Lily Skoonmaakdienste ondersteun word.
3. Dat goedkeuring aan Lily Skoonmaakdienste verleen word om haar skoonmaakdienste by Hessequa kampe deur middel van pamflette te bemark.
4. Dat die lewering van die skoonmaakdienste, naamlik, was van skottelgoed, klere en beddegoed sowel as die stryk van klere en beddegoed nie op die kampe persele plaasvind nie, maar elders.

6.1.5.3 INFORMASIE & KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE

6.1.5.3.1 ICT QUARTERLY REPORT: APRIL TILL JUNE 2026

File number / Verwysingsnommer: 6/3/b

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager ICT: J Kleinhans

RESOLUTION / BESLUIT

That the Committee take note of the ICT quarterly report pertaining to April till June 2026.

6.1.5.4 MENS LIKE HULPBRONNE

**6.1.5.4.1 HUMAN RESOURCES MANAGEMENT QUARTERLY REPORT:
APRIL TO JUNE 2026**

File number / Verwysingsnommer: 4/8

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Human Resources Administrator – Miss Z van Schalkwyk

RESOLUTION / BESLUIT

That the Committee take note of the Human Resources Management Department report for April to July 2026.

6.1.5.5 EIENDOMSBESTUUR

**6.1.5.5.1 VESTIGING VAN 'N ROLBALBAAN BY DIE ALBERTINIA
GHOLFKLUB**

File number / Verwysingsnommer: 17/3/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Eiendomsbestuur – Mnr A Kleynhans

RESOLUTION / BESLUIT

Dat die item terug verwys word vir uitklaring oor die toekoms en die moontlike ontwikkeling van die gholfbaan.

**6.1.5.5.2 VERKOOP VAN 'N GEDEELTE (ONGEVEER 10 000 VK.M) VAN DIE
RESTANT VAN ERF 2015, RIVERSDAL**

File number / Verwysingsnommer: 7/2/2/5

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Eiendomsbestuur – Mnr A. Kleynhans

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat ingevolge Artikel 14(1) en 14(2)(a) en (b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, 'n gedeelte (ongeveer 10 000 vk.m) van Erf 2015, Riversdal nie benodig word (met die uitsluiting van die siviele en elektriese dienste op die grens van die geïdentifiseerde area) vir die lewering van basiese

- Munisipale dienste nie en dat die Komitee die ekonomiese en gemeenskapswaarde van die eiendom oorweeg het.
2. Dat ingevolge Regulasie 5(1)(b) van die Regulasies oor die Oordrag van Munisipale Bates (MATR) (R.878, gepromulgeer op 22/08/2008), die Raad die vervreemding van 'n gedeelte (ongeveer 10 000 vk.m) van Erf 2015, Riversdal aan MBL Property Investments (Pty) Ltd **in beginsel goedkeur** aangesien die spesifieke eiendom as nie-lewensvatbare eiendom beskou word ingevolge die Munisipaliteit se Eiendomsadministrasie beleid, onderhewig aan die volgende voorwaardes (2.1- 2.7):
 - 2.1 Dat die voorneme om 'n gedeelte van Erf 2015, Riversdal (ongeveer 10 000 vk.m) direk aan MBL Property Investments (Pty) Ltd te vervreem vir ligte nywerheidsontwikkeling, in die Suid-Kaap Forum geadverteer word vir besware en/of kommentaar, en dat die voorgename vervreemding terselfdertyd aan die Nasionale en Provinsiale Tesourie voorgelê word vir kommentaar.
 - 2.2 Dat twee eiendomswareerders die billike markwaarde van die area bepaal, en dat die gemiddeld van die twee waardasies as die koopsom sal dien.
 - 2.3 Dat die koper ten volle verantwoordelik sal wees vir die aansluiting tot siviele en elektriese dienste vanaf die bestaande aansluitings op Erf 4357, Riversdal.
 - 2.4 Dat die koper verantwoordelik sal wees, op sy koste en vir sy risiko, vir die verkryging van die vereiste omgewingsmagtiging ingevolge die bepaling van die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet 107 van 1998).
 - 2.5 Dat die koper verantwoordelik sal wees om die nodige prosesse te volg ten einde die betrokke area, wat tans buite die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (R.O.R.) val, formeel binne die R.O.R. te laat insluit.
 - 2.6 Dat die koper verantwoordelik sal wees vir die onderverdeling, konsolidasie en heronering van die erwe.
 - 2.7 Dat die uitreiking van 'n "Record of Decision" (ROD) deur die bevoegde owerheid as 'n opskortende voorwaarde vir die vervreemding van die eiendom sal dien.
 3. Dat die item na die Raad verwys word.

6.1.5.5.3 VERVREEMDING VAN ERF 1135, HEIDELBERG

File number / Verwysingsnommer: 7/2/2/3

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Koördineerder: Eiendomsbestuur – Me K Page

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat ingevolge Artikel 14(2) (a) en (b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, Erf 1135, Maraisstraat, Heidelberg nie benodig word vir die lewering van basiese Munisipale dienste nie.
2. Dat ingevolge Regulasie 5(1)(b) van die Regulasies oor die Oordrag van Munisipale Bates (MATR) (R.878, gepromulgeer op 22/08/2008), die Raad die vervreemding van Erf 1135, Maraisstraat, Heidelberg per openbare veiling, **in-beginsel** goedkeur, onderhewig aan die volgende voorwaardes (2.1-2.7):

- 2.1 Dat die eiendom deur die munisipaliteit van Nutsone na Enkel Residensiële Sone hersoneer word.
 - 2.2 Dat kennis geneem word van die munisipale waardasie van die eiendom.
 - 2.3 Dat 'n waardasie verslag van 'n gekwalifiseerde waardeerder aangevra word om die billike markwaarde op die gewysigde sonering te bepaal, welke as reserwe prys tydens die openbare veiling sal dien.
 - 2.4 Dat die voorneme om die eiendom te vervreem in die Suid-Kaap Forum geadverteer word vir besware en/of kommentare, vir die rekening van die koper.
 - 2.5 Dat die koper verantwoordelik is vir alle kostes in verband met die koop van die eiendom, insluitend, maar nie beperk tot die koopsom, alle grondgebruik aansoek kostes, advertensie kostes en die oordragskostes.
 - 2.6 Dat die voorneme om die eiendom te vervreem na Provinsiale en Nasionale Tesourie verwys word vir kommentaar.
 - 2.7 Dat die koper verantwoordelik is vir die kostes om by die munisipale dienste (siviele- en elektriese dienste) aan te sluit en/of bestaande dienste op te gradeer.
3. Dat die verslag aan die Raad voorgelê word ter finale oorweging.

6.1.5.5.4 VERKOOP VAN ERF 6682, KATJIEPIERINGSTRAAT, KWANOKUTHULA, RIVERSDAL

File number / Verwysingsnommer: 7/2/2/5

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Eiendomsbestuur – Mnr A Kleynhans

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat ingevolge Artikel 14(1) en 14(2)(a) en (b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, Erf 6682, Riversdal nie benodig word vir die lewering van basiese Munisipale dienste nie en dat die Komitee die ekonomiese en gemeenskapswaarde van die eiendom oorweeg het.
2. Dat ingevolge Regulasie 5(1)(b) van die Regulasies oor die Oordrag van Munisipale Bates (MATR) (R.878, gepromulgeer op 22/08/2008), die Raad die vervreemding van Erf 6682, Riversdal by wyse van 'n openbare veiling, **in beginsel goedkeur**, onderhewig aan die volgende voorwaardes (2.1- 2.4):
 - 2.1 Dat die voorneme om Erf 6682, Riversdal by wyse van 'n openbare veiling vir residensiële doeleindes te vervreem, in die Suid-Kaap Forum geadverteer word vir besware en/of kommentaar, en dat die voorgenome vervreemding terselfdertyd aan die Nasionale en Provinsiale Tesourie voorgelê word vir kommentaar.
 - 2.2 Dat twee eiendomswaardeerders die billike markwaarde van die eiendom bepaal, en dat die gemiddeld van die twee waardasies as reserweprys sal dien.
 - 2.3 Dat die koper verantwoordelik sal wees vir die aansluiting tot die siviele en elektriese infrastruktuur, asook vir die ontwerp, aanlê en instandhouding van toepaslike stormwatermaatreëls ten einde voorsiening te maak vir die

opvang, beheer en wegdoening van stormwater vanaf die hoogliggende areas wat oor of na die aangekoopte erf vloei.

- 2.4 Dat die eiendom na residensiële sone gehersoneer word deur die Munisipaliteit.
3. Dat die item na die Raad verwys word.

6.1.5.5.5 VERHURING VAN 'N GEDEELTE (ONGEVEER 15 000 VK.M) VAN ERF 238, STILBAAI-OOS

File number / Verwysingsnommer: 7/2/1/1/7

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Eiendomsbestuur – Mnr A. Kleynhans

RESOLUTION / BESLUIT

Dat die item terug verwys word sodat die aansoeker 'n besigheidsplan en voorlegging aan die Portefeuljekomitee sal voorlê.

6.1.5.5.6 VERHURING VAN 'N GEDEELTE (ONGEVEER 300 VK.M) VAN DIE RESTANT VAN ERF 907, STILBAAI-WES

File number / Verwysingsnommer: 7/2/1/1/7

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Eiendomsbestuur – Mnr A Kleynhans

RESOLUTION / BESLUIT

Dat die aansoek van Me. Ilse van der Merwe om 'n gedeelte (ongeveer 300 vk.m) van Erf 907, Stilbaai-Wes te huur vir die bedryf van 'n restaurant, **afgekeur** word aangesien die area nie 'n goedgekeurde handelsarea is nie.

6.1.5.5.7 VERHURING VAN KIOSKS BY DIE PREEKSTOEL EN ELLENSRUST KARAVANPARK

File number / Verwysingsnommer: 7/2/1/1/7

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Koördineerder: Eiendomsbestuur – Me K Page

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die kiosk by die Ellensrust Karavaanpark, by wyse van 'n geslote kwotasie proses, vir die tydperk 01 Desember 2026 – 31 Januarie 2027 aan die persoon / instansie verhuur word wat die hoogste huurbedrag aanbied. Punte 3 tot 13 (spesifiek die dienstegelde in Punt 5) hieronder, sal ook van toepassing wees op hierdie termyn van verhuring, waar van toepassing.
2. Dat die kiosks by die Preekstoel Karavaanpark en Ellensrust Karavaanpark, by wyse van 'n openbare tender proses verhuur word vir die volgende periodes: 01 Desember 2027 – 31 Januarie 2028, 01 Desember 2028 – 31 Januarie 2029 en 01 Desember 2029 – 31 Januarie 2030.

3. Dat die suksesvolle tenderaar 'n maksimum van twee voertuie binne die kampeerterrein, mag parkeer sonder die betaling van die goedgekeurde tarief.
4. Dat die eiendom aan die hoogste tenderaar toegeken word met 'n minimum huurbedrag per kiosk van R10 000.00 (BTW ingesluit) per 2 maande periode.
5. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir die betaling van die volgende dienstegelde tydens die spesifieke verhurings periodes (2 maande) naamlik:

MUNISIPALE DIENS	PREEKSTOEL KIOSK	ELLENSRUST KIOSK
ELEKTRISITEIT	Voorafbetaalde meter	R 5500.00 (BTW ingesluit) vir die twee maande periode vanaf 01 Desember 2027 – 31 Januarie 2028 waarna die bedrag met 7% per jaar verhoog.
WATER	R 600.00 (BTW ingesluit) vir die twee maande periode vanaf 01 Desember 2027 – 31 Januarie 2028 waarna die bedrag met 7% per jaar verhoog plus die betaling van die beskikbaarheidstariewe soos goedgekeur deur die Raad.	R 600.00 (BTW ingesluit) vir die twee maande periode vanaf 01 Desember 2027 – 31 Januarie 2028 waarna die bedrag met 7% per jaar verhoog plus die betaling van die beskikbaarheidstariewe soos goedgekeur deur die Raad.
VULLISVERWYDERING	Die bedrag soos goedgekeur deur die Raad	Die bedrag soos goedgekeur deur die Raad

6. Dat die eiendom slegs as kiosk aangewend mag word en vir geen ander doel sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie.
7. Dat geen alkohol verkoop mag word nie.
8. Dat die huurder vir alle operasionele kostes verantwoordelik sal wees.
9. Dat die huurbedrag vooruit betaalbaar sal wees jaarliks voor of op 01 Desember van die betrokke jaar.
10. Dat die eiendom voetstoots verhuur word en die huurder self verantwoordelik is om die eiendom in te rig vir die doel waarvoor dit aangewend gaan word.
11. Dat die huurder verantwoordelik is om toe te sien dat 'n bord opgerig word, welke spesifiseer dat die eiendom op eie risiko betree word.
12. Dat die kiosks daaglik gedurende 07:00 tot 23:00 bedryf mag word.
13. Dat geen harde musiek gespeel mag word nie.

6.1.5.5.8 VERKOOP VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 2936, STILBAAI-WES

File number / Verwysingsnommer: 7/2/2/7

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Koördineerder: Eiendomsbestuur – Me K Page

RESOLUTION / BESLUIT

Dat die Raadsbesluit ten opsigte van Agenda Punt 6.4 (Collab nommer 2111527) soos geneem op 30 April 2025 met die onderstaande besluit saamgelees word:

1. Dat ingevolge Artikel 14(2) (a) en (b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, 'n gedeelte (ongeveer 350 vk.m) van Erf 2936, Bessiestraat, Stilbaai-Wes nie benodig word vir die lewering van basiese Munisipale dienste nie.
2. Dat ingevolge Regulasie 5(1)(b) van die Regulasies oor die Oordrag van Munisipale Bates (MATR) (R.878, gepromulgeer op 22/08/2008), die Raad die vervreemding van 'n gedeelte (ongeveer 350 vk.m) van Erf 2936, Bessiestraat, Stilbaai-Wes direk aan Antoinette Van Heerden, goedkeur, onderhewig aan die volgende voorwaardes (2.1-2.9):
 - 2.1 Dat die koopsom, bereken op die gemiddelde markwaarde van die eiendom soos bepaal deur twee onafhanklike waardeerders, die bedrag van R 310 000.00 (BTW Uitgesluit) beloop.
 - 2.2 Dat die eiendom met Erf 2781, Stilbaai-Wes op die koper se onkoste gekonsolideer word.
 - 2.3 Dat die voorneme om die eiendom te vervreem in die Suid-Kaap Forum geadverteer was vir besware en/of kommentare, en dat geen besware en/of kommentare gedurende die publieke deelname proses ontvang is nie.
 - 2.4 Dat die koper verantwoordelik is vir alle kostes in verband met die koop van die eiendom, insluitend, maar nie beperk tot die koopsom, alle grondgebruik aansoek kostes, advertensie kostes, koste om die billike markwaarde te bepaal, onderverdeling-, hersonering- en konsolidasie kostes en die oordragskoste.
 - 2.5 Dat die koper verantwoordelik is om tot die nodige munisipale dienste aan te sluit.
 - 2.6 Dat die voorwaarde dat die Reg van Weg Serwituut wat oor die eiendom, sowel as verskeie privaat eiendom in die omgewing, loop, deur die munisipaliteit gekanselleer word alvorens die eiendom vervreem word, as opskortende voorwaarde tot die vervreemding van die eiendom verwyder word, aangesien die serwituut nie ten gunste van die munisipaliteit geregistreer is nie.
 - 2.7 Dat die tydperk soos gespesifiseer in Klousule 6 van die koopoorreenskoms, met 12 maande verleng word ten einde die koper 'n geleentheid te gun om die onderverdeling, hersonering en konsolidasie van die eiendom af te handel sodat die oordrag van die eiendom kan plaasvind.
 - 2.8 Dat die koper verantwoordelik is om op eie koste die eiendom as openbare oop ruimte te sluit en te hersoneer.
 - 2.9 Dat die eiendom slegs vir residensiële doeleindes aangewend word en geen addisionele toegang geskep mag word nie.

6.1.5.5.9 OORWEGING VAN 'N ALTERNATIEWE AREA: VERKOOP VAN 'N GEDEELTE (ONGEVEER 3.29 HEKTAAR) VAN ERF 657, STILBAAI-WES

File number / Verwysingsnommer: 7/2/2/7

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Eiendomsbestuur – Mnr A Kleynhans

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van die bevindinge van die voorlopige omgewingstudies wat op 'n gedeelte van Erf 657, Stilbaai-Wes uitgevoer is, welke studies bevestig dat die gebied 'n buitengewone hoë konsentrasie plant- en dierspesies van bewaringsbelang bevat, met die gevolg dat die ontwikkelingspotensiaal van die oorspronklik geïdentifiseerde terrein aansienlik beperk word.
2. Dat die Komitee goedkeuring verleen vir die vervreemding van 'n alternatiewe gedeelte van ongeveer 3,29 hektaar op Erf 657, Stilbaai-Wes, soos uiteengesit in die verslag, aan Ziphon Trading and Investment (Pty) Ltd (Registrasienommer: 2010/016828/07), onder dieselfde voorwaardes as die oorspronklike verkoopstransaksie, onderhewig daaraan dat die voorgestelde wysiging van die ligging van die gedeelte vir openbare deelname geadverteer word en dat enige kommentaar of besware wat ontvang word, behoorlik oorweeg word.
3. Dat, indien die Departement van Omgewingsake as voorwaarde van die omgewingsmagtigingsproses die instelling van 'n biodiversiteitskompensasiegebied vereis, 'n toepaslike gedeelte van Erf 657, Stilbaai-Wes soos aangedui op die uitleg in die inhoud van die item, beskikbaar gestel en formeel geormerk word vir die vestiging en langtermynbewaring van sodanige biodiversiteitskompensasiegebied.
4. Dat die wysigings soos vervat in aanbevelings 2 en 3 formeel deur middel van 'n addendum tot die koopoooreenkoms, soos deur die partye op 23 Januarie 2026 onderteken, opgeneem en geïmplementeer word.
5. Dat die item na die Raad verwys word.

6.1.5.5.10 VERHURING VAN ERF 3866, RIVERSDAL

File number / Verwysingsnommer: 7/2/1/2/5

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Eiendomsbestuur Mnr A.W Kleynhans

RESOLUTION / BESLUIT

Dat die item terug verwys word vir verdere ondersoek na 'n alternatiewe eiendom.

6.2 Dat die volgende items voortspruitend uit die verslag van 'n Finansiële Dienste Portefeulje Komitee vergadering gehou op 15 Julie 2026 soos volg as besluite van die Raad goedgekeur word.

Voorstel Rdl BD Smith, sekondant Rdl B van Noordwyk

6.2.5.1 BANKREKONSILIASIE EN LYS VAN TJEKS MEER AS R20 000 VIR JUNIE 2026

File number / Verwysingsnommer: 4/B

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Johanna Booysen

RESOLUTION / BESLUIT

Dat kennis geneem word van die bankreksiliasie vir Junie 2026, sowel as die lys van tjeks meer as R20 000, vir Junie 2026.

6.2.5.2 VERSEKERINGSEISE SOOS OP 30 JUNIE 2026

File number / Verwysingsnommer: 5/12/2/1

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Voorsieningskanaalbestuur, Bates & Versekering - Mnr. R. Bent

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat kennis geneem word van die uitstaande versekeringseise soos op 30 Junie 2026 asook die redes waarom dit uitstaande is.
2. Dat kennis geneem word van die versekeringseise wat ingedien is vir die tydperk 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026.
3. Dat kennis geneem word van die grafiek ten opsigte van totale versekeringseise ontvang, ingedien en uitstaande vir die 2025/26 finansiële jaar
4. Dat kennis geneem word van die tabel ten opsigte van die totale versekeringseise ingedien per dorp vir die 2025/26 finansiële jaar.
5. Dat kennis geneem word van die totale tipe versekeringseise ingedien vir die 2025/26 finansiële jaar.
6. Dat kennis geneem word van die totale uitgawe ten opsigte van versekering bybetalings vir die 2025/26 finansiële jaar.

6.2.5.3 MONTHLY REPORT ON AWARDS MADE AND DEVIATIONS APPROVED IN THE IMPLEMENTATION OF THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY FOR JUNE 2026

File number / Verwysingsnommer: 8/B

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager: Supply Chain Management, Assets & Insurance: Mr R Bent

RESOLUTION / BESLUIT

That the Committee note all deviations and ratification of minor breaches, awards made by the Bid Adjudication Committee (for goods and services and infrastructure projects) as well as awards made above R 100 000 for June 2026.

6.2.5.4 REPORT ON THE IMPLEMENTATION OF THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY FOR THE QUARTER ENDING 30 JUNE 2026

File number / Verwysingsnommer: 8/B

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager: SCM, Assets and Insurance - Mr R Bent

RESOLUTION / BESLUIT

That the Committee take note of the implementation of SCM Policy for the quarter ending 30 June 2026.

6.2.5.5 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT: ANNUAL REPORT FOR THE 2025/2026 FINANCIAL YEAR

File number / Verwysingsnommer: 8/B

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager: Supply Chain Management, Assets & Insurance: Mr R Bent

RESOLUTION / BESLUIT

That the Committee take note of the implementation of Supply Chain Management Policy for the 2025-2026 financial year.

6.2.5.6 OUTSTANDING DEBT REPORT– JUNE 2026

File number / Verwysingsnommer: 5/11/1

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager Revenue - S Daniels

RESOLUTION / BESLUIT

1. That the Committee take note of the state of outstanding debtors as at 30 June 2026.
2. That the matter of one Councillor being in arrears for a period exceeding 3 months has been referred to the Speaker of Council and is being processed.

6.3 Dat die volgende items voortspruitend uit die verslag van Tegniese Dienste Portefeulje Komitee vergadering gehou op 15 Julie 2026 soos volg as besluite van die Raad goedgekeur word.

Voorstel Rdl B van Noordwyk, sekondant Rdl BD Smith

6.3.5.1 TEGNIESE DIENSTE MAANDVERSLAG VIR JUNE 2026

File number / Verwysingsnommer: 9/1/3

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Direkteur: Tegniese Dienste – Mnr. R. Manho

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van die maandverslae en reservoirlakke, soos vervat in die opsomming aangeheg, ontvang ten opsigte van Junie 2026, soos voorgelê deur die Hoofde van die onderskeie dorpe.
2. Dat die Komitee kennis neem dat die Parke, Vaste Afval, Publieke Fasiliteite, Sportgronde en Begraafplase verslae, asook die Vlootverslae, vervat is in die volledige maandverslae soos ingedien deur die Hoofde.

6.3.5.2 GREEN DROP ASSESSMENT RESULTS AND ACTION PLAN

File number / Verwysingsnommer: 5/6/9/2

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Head: Compliance, Stores & Fleet Management – S Block

RESOLUTION / BESLUIT

1. That the Committee take note of the outcome of the 2025 Green Drop Assessment Report issued by the Department of Water and Sanitation.
2. That the Committee take note of the Green Drop Corrective Action Plan (CAP) submitted to the Department of Water and Sanitation on 30 June 2026.
3. That the Committee take note of and support the implementation of the Municipality's internal Green Drop Action Plan, which will be monitored and reported on as part of the monthly Technical Services Report.
4. That the Committee take note of the estimated implementation cost of approximately R4.8 million for the identified corrective actions, subject to the availability of funding and the municipality's approved budget processes.
5. That the item be referred to Council for approval.

6.3.5.3 WATERKWALITEIT – JUNIE 2026

File number / Verwysingsnommer: 16/1/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Siviele Infrastruktuurdienste: Mnr. Stuart Morris

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van die waterkwaliteit verslag vir Junie 2026. Die onderstaande aksies word deurlopend geneem om te verseker dat alle punte aan die wetlike vereistes voldoen:
 - 1.1. Chloor toetse word gedoen om vry residueel chlorinering te bepaal.
 - 1.2. Verstellings in chloor dosering word gedoen indien punte nie voldoen om enige gesondheid risiko's af te weer.
 - 1.3. Chloor dosering apparate word nagegaan om te verseker dat die dosering reg gestel is.
 - 1.4. Sand filters en reservoires word nagegaan om te verseker dat daar nie enige ander elemente die water kan besoedel nie.

6.3.5.4 KWALITEIT VAN GESUIWERDE RIOOLWATER VIR JUNIE 2026

File number / Verwysingsnommer: 16/1/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Siviele Infrastrukturdienste: Mnr. S. Morris

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van die kwaliteit van gesuiwerde rioolwater vir Junie 2026.
2. Dat die Komitee kennis neem dat gedurende Junie 2026 het drie (3) toetsmonsters nie voldoen aan die norme en standaarde (SANS 241-1: 2025) nie.
3. Dat die Komitee kennis neem dat die doseringstempo aangepas word om van bakterieë ontslae te raak.

6.3.5.5 HONDE OP PUBLIEKE FASILITEITE EN OPENBARE PERSELE

File number / Verwysingsnommer: 17/10/5

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Direkteur: Tegnieese Dienste – Mnr. R. Manho

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat honde op blouvlag strandareas in die blouvlag seisoen, gedurende die Desember skool vakansie periodes, totaal verbied word op die afgebakende strandareas. (Gouritzmond, Lappiesbaai, Preekstoel, Stilbaai Wes, Jongensfontein en Witsand blouvlag strande)
2. Dat honde op ander publieke fasiliteite en openbare persele toegelaat word op die onderstaande voorwaardes:
 - 2.1 Honde moet te alle tye deur die eienaar of bewaarder aan 'n leiband gelei word.
 - 2.2 Die bewaarder of eienaar van die hond op 'n openbare perseel moet te alle tye die honde se ontlasting verwyder en in 'n goedgekeurde vullishouer plaas vir verwydering.
 - 2.3 Dat niemand 'n hond binne 50 meter vanaf 'n kennisgewing wat die teenwoordigheid van 'n hond of perd verbied bring of toelaat dat dit daar gebring word nie.
 - 2.4 Dat 'n gesamentlike ondersoek geloods word deur die Tegnieese- en Gemeenskapsdienste departemente oor die huidige honde kennisgewingborde in Hessequa area om te bepaal of dit aan bostaande vereistes voldoen al dan nie.
 - 2.5 Dat die opdatering van honde kennisgewingborde as 'n begrotingsinset sal dien.
 - 2.6 Dat die raadsbesluit oor die toelating of verbod van honde op publieke fasiliteite en openbare persele in die media gepubliseer word na afhandeling van die ondersoek soos genoem in aanbeveling 2.4 en finale goedkeuring deur die Raad.

6.3.5.6 SPANDERING EN VORDERING VAN DIE EPWP ("EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME") EN DIE MIG ("MUNICIPAL INFRASTRUCTURE GRANT") TOT EINDE JUNIE 2026

File number / Verwysingsnommer: 5/6/9/2

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Direkteur: Tegnieese Dienste: Mnr. Rhuschan Manho

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van die MIG ("Municipal Infrastructure Grant") spandering en vordering tot einde Junie 2026.
2. Dat die Komitee kennis neem van die 2025/26 EPWP ("Expanded Public Works Programme") spandering en vordering tot einde Junie 2026.

6.4 Dat die volgende items voortspruitend uit die verslag van 'n Ontwikkelingsbeplanning Portefeulje Komitee vergadering gehou op 15 Julie 2026 soos volg as besluite van die Raad goedgekeur word.

Voorstel Rdl HJ Saayman, sekondant Rdl BD Smith

6.4.5.1 BEPLANNINGSDIENSTE

6.4.5.1.1 OORWEGING VAN 'N PLEKNAAM VIR DIE MELKHOUTFONTEIN BEHUISINGSONTWIKKELING

File number / Verwysingsnommer: 15/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Snr Admin Beamppte: L. Steyn

RESOLUTION / BESLUIT

Dat die Komitee voorstel dat die nuwe Behuisingsprojek die naam Heuningkloof moet behou as gevolg van die historiese bekendheid aan die inwoners van Melkhoutfontein en die area, en dat die naam soos volg aangewend word:

Nywerheidsgebied: Heuningkloof Industriële Area.

Behuisingsgebied: Heuningkloof Uitbreiding.

6.4.5.1.2 OORWEGING VAN VOORGESTELDE ONTWIKKELING: STILBAAI-WES SENTRALE SAKE KERN: ERF 510 STILBAAI

File number / Verwysingsnommer: 15/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder: Ontwikkelingsbeplanning – Mev A van der Merwe

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die voorgestelde parkeeruitleg as Fase I aanvaar word.

2. Dat die ontwikkeling op Erf 510 se okkupasiesertifikaat nie uitgereik word alvorens die parkeerplekke gebou is nie.
3. Dat die konstruksiekostes van die parkeerplekke wat buite die erfgrense plaasvind, teen die kapitaalbydraes van die ontwikkeling op Erf 510 verhaal word.
4. Dat die Munisipaliteit nie kan bydra tot die vestiging van die parkeerplekke nie, aangesien daar nie begroot is daarvoor nie.
5. Dat die item verwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

6.4.5.1.3 REPORT: COMMENTS ON ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENTS FOR THE 4TH QUARTER OF THE 2025/26 FINANCIAL YEAR

File number / Verwysingsnommer: 17/11

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Senior Environmental Officer: Mrs. M. Maphutha

RESOLUTION / BESLUIT

That the Committee take note of the comments on Environmental Impact Assessments for the 4th Quarter of the 2025/26 financial year ranging from April to June 2026.

6.4.5.2 PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

6.4.5.2.1 REPORT ON THE DRAFT TOWNSHIP AND RURAL ECONOMY DEVELOPMENT AND REVITALISATION POLICY

File number / Verwysingsnommer: 15/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager: Spatial and Economic Development – Mr B Hayward

RESOLUTION / BESLUIT

1. That it is recommended that the Committee:
 - 1.1 Take note of the content of the report and the intent of the Draft Township and Rural Economy Development and Revitalisation Policy as a key instrument for inclusive economic growth and spatial transformation.
 - 1.2 Recommend that clear roles and responsibilities be formally defined across national, provincial, and municipal spheres to avoid duplication and improve accountability.
 - 1.3 Call for the development of practical implementation guidelines by the Department of Small Business Development to assist municipalities in translating the policy into actionable programmes and projects.

6.4.5.2.2 BUSINESS HUBS STATUS REPORT AND CRITERIA FOR EVALUATION OF APPLICATIONS

File number / Verwysingsnommer: 17/17/3

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Administrative Officer: Spatial and Economic Development – Wade Adonis and Manager: Spatial and Economic Development – Bertus Hayward

RESOLUTION / BESLUIT

1. That the Committee take note of the content on the business hubs status report.
2. That the Committee support the Unified Criteria for the evaluation of all Business Hubs.
3. That provision be made for a fence and gate at the Kwanokuthula Business Hub and a Security Gate at the Diepkloof Business Hub during the next financial year.

6.4.5.2.3 INVESTMENT MODELS FOR MUNICIPAL RESORTS

File number / Verwysingsnommer: 15/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager: Spatial and Economic Development – Mr B Hayward

RESOLUTION / BESLUIT

1. That it is recommended that the Committee:
 - 1.1 Take note of the correspondence from DEDAT regarding alternative investment models for municipal resorts and caravan parks.
 - 1.2 Support participation by the Municipality in the DEDAT pilot programme.
 - 1.3 Authorise the Municipal Manager to submit a formal response to DEDAT indicating the Municipality's intent to participate.
 - 1.4 Mandate Administration to identify and submit suitable municipal resort facilities for consideration, together with the required Table and supporting reports, taking into account the Municipality's demonstrated success with long-term lease arrangements, whilst also evaluating alternative investment and operating models that may be beneficial to the Municipality and ensuring that any future proposals consider the potential impact on existing municipal employees.
 - 1.5 Note the alignment of this initiative with the Western Cape Investment Summit project submissions and the Operational performance and development needs identified in the Camps Department.
 - 1.6 Authorise the relevant Directorates (Development Planning, Community Services, Technical Services, and Financial Services) to collaborate in preparing the required submissions and supporting documentation.
 - 1.7 Note that Hessequa Municipality has successfully implemented long-term lease arrangements at the Gouritsmond, Takkieskloof and Witsand West Caravan Parks and that this model should be considered as the preferred investment and operating approach where future municipal resort facilities are identified for private-sector participation, subject to individual feasibility assessments and Council approval.
 - 1.8 Note that any future investment or operating model arising from the DEDAT programme be subjected to detailed feasibility, organisational and labour impact assessments, including consideration of the implications for existing

municipal employees, prior to Council making any final implementation decisions.

2. That the item be referred to Council for consideration.

6.4.5.2.4 GARDEN ROUTE INVESTMENT CONFERENCE (GRIC) 2027

File number / Verwysingsnommer: 15/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Manager: Spatial and Economic Development – Mr B Hayward

RESOLUTION / BESLUIT

1. That it is recommended that the Committee:
 - 1.1 Take note of the proposed Garden Route Investment Conference (GRIC) 2027.
 - 1.2 Take note that the Conference is not currently provided for in the approved 2026/27 IDP and Budget.
 - 1.3 Take note that no formal letter of support has been received from the Garden Route District Municipality to date.
 - 1.4 Support that participation in the Conference be subject to a formal Council resolution, alignment with the 2027/28 IDP review process and availability of funding and receipt of supporting documentation from GRDM.
2. That it is recommended that Hessequa Municipality continues to adopt select elements of the Investment Guide that are Practical, Implementable within existing resources and aligned with current IDP and SDBIP objectives.
3. That the item be referred to Council for consideration.

6.4.5.2.5 SOUTH AFRICAN INSTITUTE FOR ENTREPRENEURSHIP PARTNERSHIP OPPORTUNITY

File number / Verwysingsnommer: 17/17/3

Meeting date / Vergadering datum: 29 July 2026

Report by / Verslag deur: Administrative Officer: Spatial & Economic Development – Wade Adonis

RESOLUTION / BESLUIT

That the Committee take note of the SAIE partnership opportunity report, acknowledge that funding contributions are not available for the 2026/2027 financial year and that the Committee consider the following proposed initiatives for the Hessequa area:

- Youth Entrepreneurship Development Programme
- Agriplanner Backyard Gardener Programme

6.5 Dat die volgende items voortspruitend uit die verslag van 'n Gemeenskapsdienste Portefeulje Komitee vergadering gehou op 15 Julie 2026 soos volg as besluite van die Raad goedgekeur word.

Voorstel Rdl B van Noordwyk, sekondant Rdl HJ Saayman

6.5.5.1 SOSIALE ONTWIKKELING

6.5.5.1.1 MAANDVERSLAE: DEPARTEMENT GEMEENSKAPSONTWIKKELING EN GEMEENSKAPSONTWIKKELING WERKER PROGRAM VIR JUNIE 2026

File number / Verwysingsnommer: 17/16/4

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Bestuurder Gemeenskapsontwikkeling – Mnr RN Heunis

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van die Departement Gemeenskapsontwikkeling se maandverslag vir Junie 2026.
2. Dat die Komitee kennis neem van die Gemeenskapsontwikkeling Werker Program se maandverslag vir Junie 2026.

6.5.5.1.2 INFORMELE SMOUS AREAS IN DIE HESSEQUA MUNISIPALE GEBIED

File number / Verwysingsnommer: 17/17/R

Meeting date / Vergadering datum: 29 Julie 2026

Report by / Verslag deur: Direkteur: Gemeenskapsdienste - Deon Lewis-Michaels

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat die Komitee kennis neem van alle goedgekeurde informele smousareas / staanplekke in die Hessequa munisipale area.
2. Dat die Komitee kennis neem dat 'n totaal van **72** informele smousareas / staanplekke reeds deur die Raad goedgekeur is naamlik:

Riversdal	17
Albertinia	1
Heidelberg	21
Stilbaai	16
Melkhoutfontein	4
Jongensfontein	1
Witsand	6
Gouritsmond	5

3. Dat die Komitee kennis neem van die insette en kommentare soos deur die verskillende Wykskomitees ingedien.
4. Dat die Komitee die volgende aanbevelings ondersteun:

WYK 1

- 4.1 Dat 'n nuwe informele smousarea direk agter die gemeenskapsaal te Gouritsmond, Wyk 1, met tien (10) staanplekke van 3m X 3m, gevestig word.
- 4.2 Dat die tien (10) staanplekke by Bite-Me sentrum agter Dorsland Drankwinkel uitsluitlik aangewend sal word vir die verkoop van vrugte en groente deur informele smouse.
- 4.3 Dat die vyf (5) staanplekke by die Getypoel en voor by die swemstrand op die hoek van Kusweg en Rivierstraat kanselleer word.
- 4.4 Dat 'n totaal van **twintig (20)** staanplekke in Gouritsmond, Wyk 1, goedgekeur word.

GOURITSMOND	
Agter die Gemeenskapsaal	10
Area by Bite-Me Sentrum agter Dorsland Drankwinkel	10
TOTAAL	20

WYK 2

- 4.5 Dat 'n nuwe informele smous area op die hoek van Grootfontein en Hoofstraat geskep word.
- 4.6 Dat die afdakkies by die Theronville Gemeenskapsaal na die nuwe area op die hoek van Grootfontein en Hoofstraat geskuif word.
- 4.7 Dat die area by die Theronville Rugbyveld kanselleer word.
- 4.8 Dat 'n totaal van **twee (2)** staanplekke in Albertinia, Wyk 2, goedgekeur word.

ALBERTINIA	
Voor Usave noord van munisipale kantoor aangrensend tot Hoofstraat	1
Hoek van Grootfontein en Hoofstraat	1
TOTAAL	2

WYK 3

- 4.9 Dat die bestaande goedgekeurde smousareas erken en handhaaf word en dat geen verdere uitbreidings / nuwe areas goedgekeur word nie.
- 4.10 Dat die nie-goedgekeurde area langs die rondawel / biblioteek (sementblad) te Jongensfontein as 'n informele smousarea goedgekeur word.
- 4.11 Dat 'n totaal van **twee en twintig (22)** staanplekke in Stilbaai / Jongensfontein, Wyk 3, goedgekeur word.

STILBAAI	
Preekstoel Afdraai	11
Suid van Bushalte op Handelshuis parking langs Hoofweg wes	1
TOTAAL	12
MELKHOUTFONTEIN	
Langs Munisipale Kantoor	4
TOTAAL	4
JONGENSFONTEIN	
Hoek van Hoofweg en Fonteinsingel langs Seesig Supermark	1
Jongensfontein afdraai	4
Sementblad langs die rondawel / biblioteek	1
TOTAAL	6

WYK 4

- 4.12 Dat die smousarea langs die AGS Kerk verskuif na die parkeer area by die Munisipale gebou.
- 4.13 Dat die volgende informele smous areas te Slangrivier geskep en goedgekeur word naamlik die oopruimtes te Hoofweg en Kleynhansstraat, Malgasweg en Port Beaufort en Skoolstraat en Khoisanweg speel parkie.
- 4.14 Dat die area by die parking by die strand verskuif na regs van die ablusie geriewe.
- 4.15 Dat rondgaande permitte slegs binne die seisoen goedgekeur word.
- 4.16 Dat Tegniese Dienste die moontlikheid ondersoek dat alle smous areas van kragpunte voorsien word.
- 4.17 Dat slegs 4 in plaas van 6 permitte goedgekeur word.
- 4.18 Dat 'n totaal van **nege (9)** staanplekke in Witsand / Slangrivier, Wyk 4, goedgekeur word.

WITSAND / SLANGRIVIER	
Parkeer area by Munisipale Gebou	1
Area regs van die ablusiegeriewe / Strandgebied	5
Oopruimtes te Hoofweg en Kleynhansstraat, Malgasweg en Port Baufort en Skoolstraat en Khoisanweg speel parkie	3
TOTAAL	9

WYK 5

- 4.19 Dat 'n nuwe smous area by die Pleintjie langs die N2 op die hoek van Geldenhuysweg en Haigstraat geskep word.
- 4.20 Dat die vyf (5) smous areas oorkant die Gesondheidsentrum / Dag Hospitaal na die Pleintjie langs die N2 op die hoek van Geldenhuysweg en Haigstraat geskuif word.
- 4.21 Dat die bestaande goedgekeurde smous area oorkant die Gesondheidsentrum / Dag Hospitaal kanselleer word.
- 4.22 Dat 'n totaal van een en twintig (21) staanplekke in Heidelberg, Wyk 5, goedgekeur word.

HEIDELBERG	
Die Markie – H/V Niekerk en Penzstraat	16
Pleintjie langs die N2, hoek van Geldenhuysweg en Haigstraat	5
TOTAAL	21

WYK 6

- 4.23 Dat die bestaande sewentien (17) goedgekeurde smousareas erken en handhaaf word.

RIVERSDAL	
Kerk / Plein / Lokomotief	7
Hoofstraat	12
TOTAAL	17

